

5 Junie

Skrifgedeelte: Lukas 16:19-31

Fokusgedeelte: Lukas 16:29

'n Hart vol van die Woord is baie belangriker as 'n beursie vol geld

Die Fariseërs was baie lief vir vol beursies (Luk. 16:14.) Is die liefde vir geld nie maar tipies van die mens nog al die eeue nie? In die gelykenis van die ryk man en Lasarus waarsku Jesus ons oor die gevaar van liefde vir 'n vol beursie.

Die ryk man se beursie was tot oorlopend toe vol, maar sy hart was leeg. Lasarus het in armoede, siekte en vernedering by die deur van die ryk man gelê en gehoop om net van die oorskiet van die ryk man se kos te kry, maar dit het nie gebeur nie. Dit het gelyk of die ryk man op aarde alles en Lasarus niks gehad het nie.

Albei van hulle het gesterf. Met die aardse lewe vir altyd verby, het die hemelse lewe vir Lasarus voorgelê en vir die ryk man die ewige dood in die hel. Vir die lewe ná die aardse baat 'n vol beursie niks. 'n Hart vol van God se Woord is wat werklik saak maak. 'n Beursie word net vol van tydelike geld wat vergaan, terwyl 'n hart van die ewige Woord van God vol word.

Die Woord van God is niemand anders nie as Jesus Christus deur Wie God alles geskep het (Joh. 1:3) en almal wat aan Hom behoort, ook herskep het (Joh. 1:12.) Die Heilige Gees maak jou hart vol met Christus wat uit liefde vir jou gesterf en opgestaan het en jou uit jou ellende verlos het, sodat jy in die koninkryk nuut en ewig kan lewe.

'n Hart vol van Christus sal 'n hart vol liefde en deernis vir 'n medemens in nood wees. Is jou hart vol van Christus? Reik dan deur die Gees gelei uit na ander en wees 'n getuie dat God se liefde in Christus die heel belangrikste is vir tyd en ewigheid.

Sing: Psalm 119:7 (Totius)

Ds. PJ Nel (Akasia)